**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Lukas 14:25-35

**Fokusvers:**

Lukas 14:27

**Tema:**

Christenskap kos ons niks nie, maar eis alles van ons

**Datum:**

14 Junie 2026

## 1. <u>Inleiding</u>

Geliefdes in ons Here,

In ons moderne wêreld weet mense baie goed hoe om iets vir ons aantreklik te maak, sodat ons dit sal koop. Sedert die begin van die industriële revolusie is daar geweldig baie tyd spandeer om mense se spanderingsgewoontes, belangstellings en sosiale patrone te bepaal, om sodoende die beste bemarkingstrategiee te ontwikkel.

Vandag is bemarking nie net ŉ manier om jou produk of diens bekend te stel nie, maar dit is ŉ wetenskap. Luister byvoorbeeld na die wenke van ŉ bemarker:

- Hy sê dit is belangrik om eers vir iemand sê '**hoekom**' hy die produk nodig het, voordat jy die produk self kan verkoop. Daarom moet ŉ mens begin met die persoon se **behoefte** of **tekort**.
- Sodra jy die persoon oortuig het dat hy die produk nodig het, moet jy die **produk se idee** verkoop. Begin met die positiewe, beklemtoon die oplossing en gemak wat daarmee gepaard gaan. Laat die persoon eers daaroor droom.
    - Byvoorbeeld, moenie sê jy verkoop ŉ fiets nie. Sê vir hom dat jy iets aanbied wat sy reistyd na sy werk kan halveer en hom terselfdertyd fiks kan maak. Vertel vir hom dat jy hom kan help om koste te bespaar op brandstof en gimfooie as hy jou produk koop. En as die persoon weer sien, ry hy fiets werk toe in die reën.

Maar in Lukas 18:25-35 sien ons dat Jesus ŉ totale ander strategie het. Jesus sê vir die mense: "*As julle my wil volg, weet net dat dit álles gaan kos... Voordat julle verder gaan, bereken eers die koste.*"

ʼn Bemarkingskenner sou moontlik vir Jesus kon sê: "*Here, u gaan dit glad nie regkry om mense met hierdie strategie te lok nie... Moenie praat oor opoffering of dat hulle alles moet agterlaat nie. Praat eerder oor seëninge, of verlossing. Fokus op die positiewe.*"

Maar geliefdes, Jesus is nie op soek na toeskouers of kliënte nie. Hy het gekom om verlore mense te roep om sy dissipels te wees. Om dan te verstaan wat Jesus van ons verwag, kom ons vra drie vrae:

1. Wat is die koste van dissipelskap?
2. Het jy al die koste bereken?
3. Is dit die moeite werd?

Ons eerste vraag:

- Wat is die koste van dissipelskap?:

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Wat is die koste van dissipelskap?

Wanneer ons die gedeelte begin lees, kan ons maklik dink dat vers 25 net agtergrond gee, maar dit beskryf eintlik ’n baie treffende toneel. Jesus is op reis en agter Hom is ’n <u>groot skare mense</u>. Mense daardie tyd het nie net ledig rondgelê nie. Ons kan dus aanneem dat die mense belangrike dinge afgestel het, om agter Jesus aan te loop. Hulle is ten minste daar omdat hulle belangstel of nuuskierig is.

Maar meteens staan Jesus stil. Hy kyk rond oor die skare. Ywerige gesigte kyk met baie afwagting na Hom. “*Wat gaan Hy nou sê?*” Dan sê Jesus: “*As julle my wil bly volg, weet net dat dit jou moontlik alles kan kos.*” (14:26, 27 en 33). Jesus draai nie doekies om nie. Hy hou nie aan ons ‘*die idee van dissipelskap’* voor nie. Hy is van die begin af deursigtig en eerlik.

In besonder verwys Jesus na drie areas van ons lewe wat deur dissipelskap beïnvloed word.

<u>*In die eerste plek*</u> verwys Jesus na **ons verhoudings**. In vers 26 sê Jesus: “*As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie... tensy hy afstand doen van sy eie vader, moeder, vrou en kinders, en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe.*” Die Ou Vertaling (1933) stel dit eintlik sterker: “*As iemand na My toe kom en hy* ***haat*** *nie hierdie dinge nie... kan hy my dissipel nie wees nie.*”

Meeste van ons sal effens **geskok** wees deur hierdie woorde. Miskien sê jy: “*dalk nog my skoonma, of my middelste kind, maar hoe kan ek die res haat?*”

Jesus gebruik nie die woord *haat,* soos ons dit in die algemeen gebruik nie. In Genesis 29 lees ons van Jakob en sy twee vrouens. In vers 30, sê dit dat Jakob vir Ragel, ‘*meer liefgehad het as Lea*.’ Later (29:31) lees ons dat die Here gesien het dat Jakob vir Lea ‘*gehaat het*.’ Jakob het nie sy vrou gehaat nie, maar hy het die een liewer gehad as die ander een. Sy lojaliteit, aandag, besorgdheid en eerbied was meer vir een as die ander.

Die Bybel leer ons juis om ons ouers te eer, ons huweliksmaats lief te hê en vir ons kinders te sorg. Jesus gebruik wel harde en ernstige taal om te sê **dat ons Hom bo alles moet liefhê**.

Ons liefde vir Christus behoort groter te wees as die belangrikste verhoudings in ons lewe. Die vraag is dus: Wie het ons meer lief? Wie kom eerste? Die antwoord behoort te wees "*Jesus, my Here!*"

_In die tweede plek_ praat Jesus oor ons eie lewe, vers 27: "*Iemand wat nie sy <u>eie</u> kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie.*"

Die mense van Jesus se tyd het gereeld gesien hoe die Romeinse regering mense gekruisig het. Soms was ernstige misdadigers gekruisig, maar die meeste gekruisigdes was mense wat Rome en die keiser teengestaan het. Mense was dus gekruisig omdat hulle iemand anders as Rome gevolg en gehoorsaam het.

In die geskiedenis lees ons van niemand wat kruisiging oorleef het nie. Jesus sê dus dat ons bereid moet wees om alles prys te gee. Ons gemak, ons planne, ons drome en ons eie begeertes. Dit gaan nie oor my wil nie, maar oor God se wil vir my. Een skrywer sê dit beteken dat ons "*van ons selfgemaakte aardse trone afklim en oorgee aan Jesus op die hemelse troon.*"

Om jou kruis te dra, beteken dus nie om *swaar te kry* of *deur moeilike tye te gaan* nie. Almal kry swaar en beleef moeilike tye. Jesus sê dat as ons sy dissipels wil wees, dan moet ons bereid wees om agter Hom aan te gaan, selfs wanneer ons bedreig word deur **lyding**, **vernedering** en die **dood**.

_In die derde plek_ praat Jesus oor ons besittings. Vers 33: "*So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van <u>al sy besittings</u> afstand te doen nie.*"

Meeste mense ken Jesus se opdrag aan die ryk jongman (Luk. 18:22): "*gaan verkoop alles wat jy het, en deel die geld aan die armes uit... Kom dan terug en volg My.*"

Die dinge van hierdie wêreld is verganklik. Dit raak op, dit kan gesteel word, dit kan breek en ons los alles net hier as ons die wêreld verlaat. Tog streef ons om ons besittings bymekaar te maak en te beskerm.

Maar geliefdes, hierdie dinge mag nie belangriker as Christus wees nie. Ons besittings moet altyd los genoeg in ons hande lê, sodat ons dit kan neersit wanneer die Here roep.

Broers en susters, wanneer ons hierdie drie verse saam lees, sien ons die volle prentjie. Jesus lê beslag op ons hele bestaan. Die koste van dissipelskap is my familie, myself en my 'goed'. Maar positief gestel, en dit is dalk die mooiste manier om daarna te kyk: Jesus beveel nie dat ons hierdie dinge moet weggooi nie. Hy vra dat ons Hom ten eerste, en bo alles, baie méér moet liefhê.

En kyk ook mooi, hierdie is nie 'n vereiste waaraan ons moet voldoen om Jesus se dissipels te word nie. Dit is ook nie die geval vir elke gelowige of noodwendige gevolg in almal se lewe nie. Maar dissipelskap beteken dat ons **bereid moet wees** om alles prys te gee.

Om 'n volgeling van Jesus te wees, beteken om agter Hom aan te swem. Vir sommige mense is hulle nabye verhoudings, hulle eie harte en hulle besittings, soos 'n swaar klip wat om hulle voete vas is. Dit laat hulle sink en trek hulle die dieptes in, weg van Christus af. As ons wil lewe, en Jesus volg, moet ons bereid wees om die tou af te kap.

Meeste van ons het in Christelike huise grootgeword en verstaan nie hierdie opofferinge nie, maar dit was nie die geval vir meeste gelowiges deur die eeue nie. Trouens, in die Moslemlande en gesinne gebeur dit vandag nog. Om agter Jesus aan te stap, beteken dat so 'n persoon sy familie, sy gemeenskap, sy status en selfs sy lewe kan verloor.

Mag ons bereid wees om dieselfde te doen, as God dit van ons sou vra.

Dit bring ons by die volgende vraag.

**2.2. Het jy al die koste bereken?**

Nadat Jesus vir ons die prys van dissipelskap gewys het, gee Hy vir ons twee gelykenisse. Die gelykenisse is eintlik (retoriese)vrae wat ons moet laat dink.

**Eerstens** is die prys van dissipelskap soos die bou van 'n wagtoring. "*Wie van julle wat 'n toring wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken, om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie?*"

Torings was gewoonlik deel van 'n groter gebou. Jy kan die toring gebruik om **wag te hou** oor jou wingerde of kraal. Dit is ook 'n **stoorplek** vir voer, **skuilplek** vir diere en soms **rusplek** vir werkers. Dit verteenwoordig iets nuttig en waardevol.

Maar 'n onvoltooide toring is 'n groot probleem. Om te bou het baie hulpbronne en tyd vereis. As jy eers begin bou, maar nie voltooi nie, dan is daar net 'n klomp nuttelose mure en vermorste spasie en materiaal. As jy halfpad ophou, het jy niks om te wys nie en baie geld gemors. Dan sal mense daarna kyk en vir jou lag. Jy was dwaas en oorhaastig.

Jesus sê dat dissipelskap 'n waardevolle saak is, waaroor ons mooi moet dink voordat ons begin. Moet nie impulsief reageer of deur emosie meegevoer word nie. Moet nie vaskyk in wat dit *kan wees* en vergeet van *wat dit eis* nie.

**Tweedens** is die prys van dissipelskap soos 'n koning wat gaan oorlog voer. "*Watter koning wat met 'n ander koning in 'n oorlog betrokke raak, sal nie eers gaan sit en oorweeg of hy met sy tien duisend man sterk genoeg is om die ander een teen te staan wat met twintig duisend teen hom optrek nie?*"

Jesus verskuif die fokus van bou, na veg en hier is daar baie meer op die spel! In 'n veldslag kan ons nie net tot in die helfte beplan nie. Een dwase, swak of verkeerde besluit kan lei tot die verlies van baie lewens. Dalk selfs die verlies van die stad of koninkryk.

As 'n koning sy sout werd is, sal hy die saak **mooi ondersoek en deeglik beplan**. So moet ons ook mooi verstaan en nadink oor wat dit beteken om Jesus te volg. Ons moet verstaan

wat alles op die spel is. Daar is ʼn reusekoste en dit sou dwaas wees om nie ten minste goed te oorweeg nie.

Broers en susters, op ʼn praktiese noot. Ons weet almal dat daar baie plekke in ons geloofslewens is, waar ons nog moet groei. Areas waar ons Christus liewer moet hê.

Ons weet ook dat die opdrag om ons kruis op te neem, en Christus te volg, is nie iets wat ons net eenkeer doen nie, maar elke dag (Luk. 9:23). Ons hoef dalk nie die hele berekening weer te gaan maak nie. Maar ons het nog steeds sommetjies om te maak.

- Miskien moet ons gaan bereken wat ons nog moet prysgee.
- Miskien moet ons eerder gaan kyk waar ons bietjie moet sny en waar ons moet laat gaan.
    - Vra jouself af: "*Wat is ek nie bereid om ter wille van Christus te verloor nie?*"
    - "*Wat het ek liewer as Christus?*"
    - Vra jouself: "*Glo ek dat die Here vir my genoeg sal wees as ek x of y opgee?*"

Dit bring ons by ons derde vraag: Is dit die moeite werd?

**2.3. Is dit die moeite werd?**

Geliefdes, dissipelskap eis alles van ons. Christus neem beslag op ons hele wese en elke deel van ons lewe. Is dit werklik die moeite werd om alles te los en agter Hom aan te stap?

En onthou, dit beteken dat ons agter Hom gaan moet aanstap met volharding en toewyding. Ons moet dit tot die einde toe deursien, selfs al begin dinge moeilik raak! Dit gaan verg dat ons God moet vertrou. Ons moet vas en seker glo dat Christus waarlik genoeg is.

Is dissipelskap die moeite werd?

Ja, sonder twyfel. Onomwonde ja, Jesus Christus is **alles** werd.

Geliefdes, die evangelie leer ons dat Jesus ons roep om op te offer, maar dat Hy eerste opgeoffer het. Hy het na ons toe gekom, gebore as ’n mens, gely, gesterf en die grootste prys betaal. Ons navolging is ’n reaksie op sy groot genade.

Ons ontvang die ewige lewe saam met God, wat reeds begin die oomblik wanneer ons in Hom glo. Ons ontvang ’n lewende hoop. Hy skenk ons ’n onverwelklike erfenis, wat ewig in die hemel vir ons bewaar word. Ons kry ’n skat en rykdom wat nie deur tyd of dood weggeneem kan word nie.

Al verloor ons ook alles in hierdie lewe, in Christus ontvang ons onmeetbaar meer. Al verloor ons dan ons lewe, hoop ons op die voortdurende en ewige gemeenskap met God.

Hoor hoe stel Paulus dit (Fil. 3:8-9):

“*Wat eers vir my ’n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry.*”

**3. <u>Slot</u>**

Ek sluit af.

As u vandag hier uitstap, gaan dink weer **ernstig en diep na** oor **die koste van dissipelskap.**

Jesus leer vir ons dat dit algemene wysheid is om berekeninge te maak vir belangrike besluite. Tog gebruik hy verstaanbare en aardse voorbeelde. As ons so noukeurig nadink oor sake wat tydelik is, ***<u>hoeveel te meer</u>*** moet ons nie die ewige sake gaan ondersoek nie.

En geliefdes, verstaan die implikasies:

- As ons reg besluit oor aardse dinge, dan is daar baie voordele. Ons kry gemak, aansien, status, rykdom, noem dit maar. As ons verkeerd besluit oor aardse dinge, dan verloor ons ook tydelike dinge, soos tyd, geld en geleenthede.
- Maar daarteenoor, as ons verkeerd is oor ewige dinge, verloor ons alles. Ons verloor ons siel en saligheid, ons verloor gemeenskap met God, ons verloor die ewige lewe. En as ons reg besluit oor ewige dinge, dan kry ons Christus.

Mag ons dan vol geloof en deur die krag van die Gees sê:

"*Ek weet en verstaan wat dit gaan kos, maar wat ek in Christus kry, oortref alles. Dissipelskap is die moeite werd, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.*"

# Amen